

Christus se hemelvaart berei die weg van die uitstorting van die Heilige Gees voor!

Daar is drie verwysings na die Heilige Gees in hierdie gedeelte oor Jesus se hemelvaart – Jesus móés opvaar om sy Heilige Gees te stuur. Dit is asof Lukas, die skrywer, al vooruitgryp op wat sou kom.

- Eerstens, voordat Jesus in die hemel opgeneem is, het Hy deur die Heilige Gees bevele gegee. In die 40 dae na sy opstanding tot voor sy hemelvaart het Jesus sy dissipels onderrig oor die betekenis van sy koms en koninkryk. Dié koninkryk sou na sy hemelvaart deur die teenwoordigheid van die Heilige Gees in hul harte voortleef.
- Vervolgens het Jesus hulle beveel: “Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het ... julle sal binne ’n paar dae met die Heilige Gees gedoop word.” God se Gees sou kom om hulle te vertroos en in die waarheid te lei, hulle voortdurend aan Jesus se woorde te herinner en hulle toe te rus om Jesus se boodskap uit te leef.
- Ten slotte die klimaks: “Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees ...” Het u deel aan hierdie klimaks?

Sing: Psalm 47:3, 4

Ds. PK Lourens (Bloemfontein-Oos)